OBARO GROEP / GROUP
C/o Graham and Silverlakes road, Silverlakes, Pretoria, 0081
Postnet Suite 0618, Private Bag X37, Lynnwood Ridge, 0040, South Africa
+27 (0) 12 381 2800 | info@obaro.co.za | www.obaro.co.za
OBARO bied aan, die OBARO Inter Unie

**OBARO INTER UNIE KOMPETISIE REËLS**

1. Die OBARO Inter Unie Kompetisie ("die Kompetisie") word aangebied deur OBARO Handel (Edms) Bpk ("OBARO") met registrasienommer 1998/001675/07 en geregistreerde adres te h/v Graham- en Silverlakesweg, Silverlakes, Pretoria, 0081.

2. Deelname aan die Kompetisie sal geag word aanvaarding van die reëls, terme en voorwaardes hierin uiteengesit ("die Kompetisie Reëls) sowel as die Aktiwiteit Reëls te wees.

3. OBARO behou die reg voor om die Kompetisie Reëls en Aktiwiteit Reëls te enige tyd te wysig, op te skort of te kanselleer. Enige wysigings aan die Kompetisie Reëls of Aktiwiteit Reëls sal so gou redelik moontlik aan deelnemers gekommunikeer word.

4. Deur deelname aan die Kompetisie, stel die deelnemer OBARO skadeloos van enige eise ten opsigte van verlies of skade, van welke aard hoegenaamd, wat die deelnemer mag ly in verband met die Kompetisie of sy deelname daaraan, insluitend maar nie beperk nie tot, persoonlike beserings, dood en saakbeskadiging en eise gebaseer op publisiteitsregte, naamskending en skending van privaatheid.

5. Die deelnemers erken en verstaan dat OBARO die Kompetisie koördineer en fasiliteer op die perseel van 'n Derde Party. Die Deelnemer is bewus daarvan dat dit sy/haar uitsluitlike verantwoordelikheid is om te alle tye alle reëls en/of regulasies wat van toepassing mag wees op die perseel en soos bepaal word deur die reëls van die Derde Party en/of OBARO, na te kom.

6. Deelnemers mag onder geen omstandighede enige promosie materiaal van OBARO en/of enige Leweransier van OBARO gebruik in enige aktiwiteit en/of enige skade aan enige promosie materiaal aanrig nie.

7. Deelnemers erken en verstaan dat geen vuurwapens toegelaat sal word op die perseel van die Derde Party nie. Deelnemers verleen hiermee uitdruklik toestemming aan OBARO om enige vuurwapen wat opgemerk of ontdek word op die perseel van die Derde Party onmiddellik te konfiskeer en in 'n kluis te bewaar vir die duur van die Kompetisie. OBARO en die Derde Party sal die gepaste maatreëls nakom vir die veilige bewaring van die vuurwapen, maar OBARO en/of die Derde Party sal nie enige aanspreeklikheid aanvaar vir enige verlies en/of skade voortspruitend uit die stoor van die vuurwapen nie.

8. In geval die Kompetisie vir enige rede hoegenaamd uitgestel of gekanselleer word, sal deelnemers geen verhaalsreg teen OBARO, sy werknemers, agente, vennote, leweransiers, borge of die kompetisie koördineerder hê nie.

9. Pryse word in spanverband toegeken en die onderstaande prysgeld sal aan die wenspanne se genomineerde boerevereniging/s betaal word:

   - Eerste Plek R100 000
   - Tweede Plek R50 000
   - Derde Plek R25 000
   - Geesbeker R25 000

   In gevalle waar 'n wenspan nie konsensus kan bereik oor die nominasie van 'n boerevereniging nie, sal die prysgeld in die diskresie van OBARO se direksie aan 'n boerevereniging/s toegeken word.

10. Pryse sal slegs toegeken word aan spanne wat teenwoordig is by die prysuitdeling aan die einde van die Kompetisie.

11. Pryse is nie oordraagbaar nie.

12. Wenners mag versoek word om deel te neem aan redelike publisiteit aktiwiteite met betrekking tot die Kompetisie. OBARO behou die reg voor om die name en/of foto's van die wenners te publiseer en deur deelname aan die Kompetisie stem die wenners toe tot sodanige publikasie.

13. OBARO behou die reg voor om sodanige persoonlike inligting van deelnemers te versoek as wat nodig mag wees vir deelnemers om pryse te ontvang. Inligting wat deur deelnemers verskaf word, sal in ooreenstemming met OBARO se Privaatheidbeleid gebruik word, welke beleid beskikbaar is op https://obaro.co.za/privacy-policy.

14. Deur deel te neem aan die Kompetisie, stem deelnemers toe dat OBARO hul persoonlike inligting mag versamel, verwerk en hou vir so lank as wat uit hoofde van wetgewing nodig mag wees.

15. Enige beswaar teen die verwerking van persoonlike inligting, welke reg deelnemers te enige tyd mag uitoefen, moet aan OBARO se Inligtingsbeampte gerig word by regsafdeling@obaro.co.za.

16. Deelnemers erken en verstaan dat OBARO alle redelike en praktiese stappe moontlik neem om deelnemers se persoonlike inligting te beveilig, maar nieteenstaande voormelde, kan die openbaarmaking van inligting nie uitgesluit word nie. Deur aan die Kompetisie deel te neem vrywaar en stel die deelnemer OBARO, sy werknemers en agente hiermee sover as wat regtens toelaatbaar is, skadeloos van enige aanspreeklikheid, skade en/of regsaksie van welke aard ook al, insluitend nalatigheid

aan die kant van OBARO, sy werknemers of agente en aanvaar OBARO nie enige aanspreeklikheid vir enige skade of enige verlies gely deur deelnemers aan die Kompetisie nie.

17. Die Kompetisie Reëls is skeibaar van mekaar. In geval enige reël of deel daarvan regtens onafdwingbaar is, sal die res van die Kompetisie Reëls van krag en afdwingbaar bly.